

Die Gees bewerk nuwe lewe deur skuldbelydenis

Skrifgedeelte: Handeling 19:8-20

Fokusgedeelte: Handeling 19:18

In Handeling 19 sien ons duidelik hoe Christus deur sy Gees en sy gemeente sy uitverkore kinders na Hom toe roep. Paulus het vir ongeveer drie jaar lank in Efese die “koninkryk van God” verkondig. Alhoewel baie mense die blye boodskap van Christus verwerp het, selfs teengestaan het, het die Gees ook baie harte verander.

Let op dat waar die Gees 'n sondehart met die blye boodskap van Christus aanraak, daar veral twee dinge gebeur:

- Sonde word voor diegene bely wat ek met my sondige praktyke benadeel het. Die openbare skuldbelydenis van die towenaars het daartoe gelei dat hulle ook diegene wat hulle met hulle towery benadeel het, in die oë moes kyk en skuld teenoor hulle moes bely. Wanneer die Gees my in 'n herstelde verhouding met Christus bring, herstel Hy ook my verhouding met my naaste. Die eerste tree op hierdie pad van herstel is eerlike en opregte skuldbelydenis.

- 'n Nuwe Krag raak in my lewe werksaam. Die towenaars het al die boeke met hulle towerformules verbrand. Dit waaruit hulle altyd hulle krag geput het om met hulle boosheid voort te gaan, is met die krag van die Gees vervang. Die Gees lei my om te breek met die verkeerde gedagtes en kragte in my eie lewe. Hy bring my daartoe dat ek daaglik my rug draai op dit wat verkeerd in my hart en lewe is. Hy maak my nuut sodat die vrug van die Gees in my kan begin groei.



Publikasie
Publication

